

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

Uitnemendheid begin by omgee

NUUSBRIEF 7

22 Februarie 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

MEDELYE
Ons opregte meegevoel word betuig teenoor Juán Human (graad 6E) en sy familie met die heengaan van sy oupa gedurende die week. Ons het ook verneem dat daar verlies in Grace Olivier (graad 1V) se familie was. Mag hulle en hul families die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie tyd beleef.

TOELATING 2020: GRADE R – 7 (BESTAANDE OUERS)
Die personeelvoorsiening van die Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Die skool moet ook jaarliks hierdie statistiek aan die departement van onderwys bekend maak.

Ons versoek ons bestaande ouers om ons so spoedig moontlik in kennis te stel deur middel van ‘n skrywe indien u ‘n kind(ers) vir graad R of graad 1 vir 2020 wil inskryf. Ons wil graag ons huidige ouers voorkeur gee om u ander kind ook by ons in te skryf.

Ons sal dit waardeer indien u ons skool by u familie, vriende en ander bekendes kan aanbeveel. Die advertensie vir 2020 toelating het in Die Burger verskyn. By voorbaat dankie vir u ondersteuning en samewerking.

AFLAAI VAN LEERLINGE SOGGENS
Ons ontvang gereeld klagtes oor die aflaai van leerlinge soggens. Ons wil graag twee voorstelle maak. Eerstens wil ons u aanmoedig om u kind by Hudsonstraat se hek af te laai, want die verkeer daar is baie minder as in Willetstraat waar daar ook speelskole is. Tweedens wil ons alle ouers versoek om die parkeerarea van 07:00 tot 08:00 voor die hoofingang as ‘n aflaai-en rysone (engels: drop and go) te hanteer. Indien u wil parkeer omdat u iemand moet sien van 07:00 tot 08:00 in die adminblok van die skool, versoek ons u om in Vierdelaan langs die skool vir die tydperk te parkeer. As ons almal saamwerk sal die aflaai van leerlinge soggens gladder verloop. Baie dankie vir u samewerking.

LAATKOM VAN KINDERS
Ons doen ’n beroep op u as ouers om te sorg dat u kind(ers) betyds by die skool is. Die afgelope week was daar geweldig baie kinders laat vir skool. Die skool begin stiptelik om 07:45. Indien u kind van volgende week af laat is, sal ons ongelukkig vir hulle inskrywings op hul kommunikasiekaarte gee.

ADVERTENSIES WAT UITGEDEEL WORD
U ontvang van tyd tot tyd advertensiemateriaal. Neem asseblief van die volgende kennis:
· die adverteerders het betaal om te mag adverteer;
· die skool beveel nie noodwendig die produk/diens aan nie;
· die skool het nie die produk/diens se kwaliteit ondersoek nie.

Evalueer asseblief alle materiaal versigtig en moet nooit oorhaastig u tot enige diens verbind/vasteken nie. Ek is egter bereid om die ouergemeenskap dienooreenkomstig te waarsku indien ’n adverteerder nie sy beloftes nakom nie. Sulke klagtes moet asseblief skriftelik wees. Gebruik sommer my e-posadres.

TENNIS: OUER-EN-KIND-AAND
Die 1ste Maart is dit weer tyd vir ons ouer-en-kind-tennisaand wat elke eerste Vrydag van die maand, om 18:00 onder ligte by die sportveld gehou word. Soos vantevore sal kos en koeldrank te koop wees. Ons sien uit daarna om hierdie “rondte” meer paartjies op die baan te sien.

VAKANSIENASORG: MAART 2019
Die beheerliggaam het daartoe ingestem dat ons ‘n opname maak om vas te stel hoeveel ouers ‘n daadwerklike behoefte het om tydens die Maartvakansie van ons nasorgdiens gebruik te maak. Dit kan slegs aangebied word indien daar ten minste 10 kinders is wat daarvan gebruik wil maak.

Die voorgestelde tydperk is:

1. **18 Maart tot 29 Maart (9 dae). (Skole sluit 15 Maart 2019 en Woensdag 21 Maart is dit Menseregtedag)**
2. **U moet asseblief ook onderneem om die nasorgtye nl. 07:30-17:30, stiptelik te eerbiedig.**

Die tarief beloop R450 kind (R850 vir 2 kinders) en is vir die volle tydperk, vooruitbetaalbaar.

Die brief word op Maandag, 25 Februarie 2019 uitgestuur.

ARBEIDSTERAPEUT: HELÉNE EHLERS
Die Afrikaanse FISH-IN-A-TREE-studiekursus word deur ‘n arbeidsterapeut, Heléne Ehlers en gekwalifiseerde onderwyseres met baie ervaring in die vorm van ‘n werkswinkel vir graad 4 – 7, aangebied. Die ouer woon die kursus saam met die kind by.
Kom leer hoe om te leer! Leer ken jouself as leerder. Ontdek jou leervoorkeure en leervermoë. Die leerlinge word aan verskillende studiemetodes/geheuetegnieke en breinkaarte bekendgestel. Hulle kry genoegsaam tyd om dit prakties toe te pas. Motivering, tydsbestuur en beplanning vir eksamentyd word ook bespreek. Plekke is beperk, skryf dus vroeg in om teleurstelling te voorkom. E-pos navrae en inskrywings met u kind se naam en graad na lienehlers@yahoo.com of skakel 0828652706.

Die kursus vind plaas:
DATUM: Vrydag 1, en Saterdag 2 Maart 2019
PLEK: Laerskool Newtonpark
KOSTE: R1,200 per leerling (Sluit notas en skryfbehoeftes in)

SKOOLGELDE 2019
Soos reeds aan u deurgegee, beloop die skoolgeld vir die jaar soos volg:

SKOOLGELDE: GRAAD 1 – 7			
	PER JAAR	**10 MNDE**	**11 MNDE**
Eerste kind	R13 600	R 1 360	R 1 237
Tweede kind	R12 400	R 1 240	R 1 128
Derde kind	R 8 600	R 860	R 782
GRAAD R: MAANDELIKS VOORUITBETAALBAAR			
Graad R (Maandeliks vooruit)	R13 600	R 1 360	R 1 237
NASORG: VRYWILLIGE PROGRAM: KWARTAALLIKS VOORUIT BETAALBAAR			

	PER JAAR	**PER KWARTAAL**	***MUSIEK: MAANDELIKS VOORUITBETAALBAAR***	
13:00/13:30 – 14:00	R 4 500	R 1 125	***PERIODE(S) P/W***	***PER MAAND (10 MNDE)***
14:00 – 17:30	R 6 680	R 1 670	*1*	*R 180*
13:00/13:30 – 17:30	R 7 800	R 1 950	*2*	*R 280*
			3	*R 410*

BANKBESONDERHEDE:

REKENINGNAAM **LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK **ABSA**
REKENINGNOMMER **1400490089**
TAKKODE **632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: maandelikse debietorder oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2019. ‘n Debietorder kan slegs op ‘n tjek-/spaar-/transmissie rekening ingestel word.) Indien u kontant wil betaal kan u by Mev. Laas of direk in ons bankrekening betaal.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar; en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE
Indien skoolgelde (graad R – 7) ten volle betaal word voor/op 28 Februarie 2019 sal ‘n 10% korting toegestaan word, en indien ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2019 ‘n 5% korting.

AANSOEK OM VERLIGTING VAN SKOOLGELDE
Indien u om verligting van skoolgelde wil aansoek doen, moet u die nodige vorms by Mev. Laas afhaal en **voor of op 28 Februarie 2019**, vir oorweging deur die beheerliggaam, by haar inhandig. Die vorm moét van die nodige dokumentasie (o.a. bewys van inkomste) vergesel wees.
Geen verligtings wat in 2018 toegestaan is, word na 2019 oorgedra nie.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

JJ. Pienaar
SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 25 Februarie	:	Klerewinkel: ***07:30-12:00***
		Gehoorsiftingstoets in graad R-gebou
		SW: Aardrykskunde toets (graad 4 – 7)
		Kuns: graad R – 2 ***13:30-14:30***
		Kuns: graad 3 ***14:00-15:00***
		Kuns: graad 4 – 7 ***14:15 – 15:00***
		Krieket 0/13B teen Warriors (Old Grey – Police)
Di – 26 Februarie	:	Afrikaans toets (graad 4 – 5)
		Engels toets (graad 6 – 7)
		Kuns: graad R – 2 ***13:30-14:30***
		Kuns: graad 3 ***14:00-15:00***
		Kuns: graad 4 – 7 ***14:15 – 15:00***
		Krieket 0/11B teen Super Kings (Old Grey2)
		Mini-Krieket 0/9 teen Herbert Hurd AB (t)
		Tennis snr. seuns A-span teen Clarendon Park (t)
		Tennis snr. seuns B-span teen Grey E (w)
		Tennis snr. seuns C-span teen Priory A (w)
		Tennis jnr. seuns A-span teen Clarendon Park B (w)
		Tennis jnr. seuns B-span teen Mount Pleasant (w)

Wo – 27 Februarie	:	Klerewinkel: ***12:00-14:30*** NW/Teg toets (graad 4 – 6) NW toets (graad 7) Krieket 0/13A teen Zwide Hub (w)
Do – 28 Februarie	:	Engels toets (graad 4 – 5) Afrikaans toets (graad 6 – 7) Dance Kids-ballet gr. R: **13:15** Krieket 0/11A: Bye Tennis jnr. dogters A-span teen Theodor Herzl (t)
Vr – 1 Maart	:	Klerewinkel: ***07:30-12:00*** Geskiedenis toets (graad 4 – 7) Eko-Newtons Studie kursus graad 4 – 5 Drama: Graad R – 2: ***12:45 – 13:30*** Drama: Graad 3 – 7: ***12:45 – 13:45***
Sat – 2 Maart	:	Mount Pleasant (mini-krieketdag) Mini-Krieket 0/9 teen Mount Pleasant (w) Studie kursus graad 4 – 5 Atletiek: Oos-Kaap Byeenskoms - Cradock

SPORT & KULTUUR

KRIEKET

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
18 Februarie	0/13B	Grey Knights	Grey teken 127 lopies aan in 20 boulbeurte LNP verloor met 102 lopies
19 Februarie	0/11B	St. Dominics Priory	LNP kolf eerste en teken 113 vir net 1 paaltjie plat aan in 20 boulbeurte Priory word beperk tot 87 lopies vir 5 plaatjies plat Joshua Latham slaan 23 en neem ook 1 paaltjie LNP wen met 26 lopies
19 Februarie	0/9 Mini-Krieket	Rowallan Park	A-span: LNP wen 19 – 10 B-span: LNP wen 8 – 4
20 Februarie	0/13A	Charlo	2-dag-wedstryd (2de dag se spel) LNP teken 135 lopies aan Charlo teken 114 lopies aan Divan Els en Sion Botha neem 3 paaltjies elk Chano van Rooyen neem 2 paaltjies LNP wen met 21 lopies

TENNIS

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
19 Februarie	snr. seuns A	Grey	LNP verloor met 27 potte
19 Februarie	snr. seuns & dogters B	Lorraine A	LNP wen met 1 pot
19 Februarie	snr. seuns C	Woodridge	LNP verloor met 12 potte
19 Februarie	jnr. seuns B	Theodor Herzl	LNP verloor met 14 potte
19 Februarie	jnr. seuns A	Mount Pleasant	LNP wen met 4 potte
21 Februarie	jnr. Dogters A	Charlo	LNP verloor met 8 potte

ATLETIEK

Ons wil die volgende atlete wat na die Oos-Kaap Kampioenskappe in Cradock op Saterdag, 2 Maart, deurgedring het, hartlik gelukwens:

- Janke-Mari Vermaak: Gewigstoot 0/10 – 2de plek by Metro behaal
- Lincoln Kunneke: Gewigstoot 0/10 – 2de plek by Metro behaal
- Aneska Ferreira: Hekkies 70m 0/11 – 2de plek by Metro behaal

SWEM

Juwan is in Januarie 2019 verkies om die Nelson Mandela Bay Aquatics span te verteenwoordig by die Interdistrik Gala in Oos-Londen op 12 Januarie 2019.

Die top swemmers per ouderdomsgroep word verkies om die NMBA Span te verteenwoordig in hul beste swemslag. Juwan is gekies om die 100m Borsslag te swem en het 'n algehele 4de plek geswem.
Hy het dus vir skoolswem Provinsiale klere verwerf in November 2018 maar ook op Klub Liga vlak Interdistrik klere verwerf vanaf en vir Nelson Mandela Baai Aquatics.

Baie geluk met hierdie puik prestasie!

NITRO PARK KIDS ACROSS THE RIVER

Isabel Kühn in graad 3B het Sondag, 17 Februarie, aan die Nitro Park Kids Across the River kompetisie by Sondagsrivier deelgeneem. Sy het ‘n 3de plek in haar ouderdomsgroep vir meisies (7 – 8 jaar) in die resies behaal.

FRAMESBY PAINT RUN

Ruan Heneke in graad 2R, was een van ongeveer 400 atlete wat Vrydag, 15 Februarie, aan die Framesby Paint Run wat deur Hoërskool Framesby aangebied is, deelgeneem het. Hy het aan die 2.5km deelgeneem en het ‘n brons medalje ontvang.

Baie geluk!